OUDLEERLING-NUUSBRIEF

OLD GIRLS' NEWSLETTER

2011

Van die Voorsitter

Hallo Larrie-Oudleerders,

Dit is alweer tyd vir ons nuusbrief en ons jaarlikse oudleerlingtee, waar gasvrouens julle met eet- en drinkgoed by die tafels gaan bederf en die leerders vir `n kort program sal sorg.
Datum: Saterdag, 24 September 2011
Plek: Leersentrum/Skoolsaal
Tyd: 10:30 vm
Kostes: R60.00 betaalbaar by die deur
RSVP: Die skool by 021 872 4367, of Josephine by 021 869 8004 of per e-pos by jmspies45@gmail.com as julle dit wil bywoon.

Ons sien daarna uit om weer lekker saam met almal te kuier.

Neem kennis dat die matrieks van 1961, 1971, 1981, 1991 en 2001 reünies hou. Kontak gerus die persone in hierdie brief.

We have finally launched our new website Who`s Who. In order to start this website, I have contacted a few Larries, who have achieved academically, or in other professional ways, e.g. in sports, culture or community service. We would like to add your information as well.

It is a separate website, but will also be linked to the official larries.co.za website. The idea is not only to act as a networking tool, but also to demonstrate how well our past pupils are doing. It will also encourage present pupils to higher goals. All we need is a passport or ID size photograph, the year when you matriculated, academic or other achievements, what you are doing at the moment and a contact number or e-mail address.

It is not obligatory, but as there have been costs involved in setting up this website, you are more than welcome to donate R100.00, payable to the:
EN AVANT TRUST
Nedbank
Branch Code 101910,
Account Number 1019379723.

Updates can be made. We would reallly appreciate your participation in this project.
Onthou asseblief ook om ons van enige veranderinge van adres, e-posadres of van te verwittig.
Sien julle die 24ste September!

Larriegroete,
Josephine

Josephine Spies (De Villiers, 1962) & Oudleerlingkomitee
Posbus 753
Noorder Paarl
7623
Tel: 021 869 8004
jmspies45@gmail.com

Vanuit die Skoolhoof se Kantoor

Beste Oudleerling

Ná al die opwinding van die 150jarige-vieringe in 2010, het ons gedink dat 2011 rustiger sal wees, maar helaas is dit nie die geval nie! Hierdie jaar het sy eie eise gestel en 2011 se 116 matrikulante maak alreeds gereed vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen. In die afgelope 20 jaar, is dit ons grootste klas ooit!

Die graad 12-klas van 2010 (88 leerders) het ons só trots gemaak met hul 100% slaagsyfer en 17 A-gemiddeldes. Op die provinsiale top 10 vakposisies, is Annemie Jacobs (Dux-leerder) 1ste in Wiskunde, 6de in Geografie & Fisiese Wetenskappe & 10de in Lewenswetenskappe; Adriëtte le Roux 1ste in Rekenaartoepassingstegnologie & 5de in Visuele Kuns; Anke Rabe 7de in Afrikaans Huistaal & 8ste in Geografie; Lizanne Dun 7de in Rekenaartoepassingstegnologie; Dorette Visser & Téah-Anne Comninos onderskeidelik 3de & 4de in Drama; Robin Adams 8ste in Toerisme. Gebaseer op die punte in Wiskunde, Wetenskappe en Tegnologie in die NSS-eksamen word Annemie, een van die Top 9 dogters nasionaal, genooi na die *NSTF Awards* wat in Pretoria plaasgevind het en onder andere deur die Minister van Wetenskap en Tegnologie, sowel as die Minister van Basiese Onderwys, bygewoon is.

Hierdie jaar word daar weer eens uitstekend presteer op sport- en kultuurgebied. Elke klaskamer word met ‘n rekenaar met internettoegang toegerus en 15 klaskamers ontvang data-projektors. ‘n Skenking van die *Khanya*-projek maak dit moontlik dat daar in 4 klasse interaktiewe witborde installeer word. Skielik is akademie opwindend en die leerders spreek hul waardering uit dat La Rochelle nou volwaardig in die 21ste eeu is!

Twee van die 2010-projekte wat steeds vanjaar vir ons baie vreugde verskaf, is die pragtige geel La Rochelle Roos wat vanjaar in *Ludwig’s Roses* se katalogus opgeneem is, sowel as die inspirerende 150 Gedenkboek wat van die begin van dié jaar beskikbaar is. Alle Larries, huidig en voormalig, kan gerus hierdie twee pronkstukke aanskaf en tuis hul Larrie-wees vertroetel.

Die energie wat ons in 2010 ervaar het tydens die feesvieringe, het beslis ‘n verskil in elke Larrie se lewe gemaak. Elkeen loop rond met ‘n groter trots, ‘n bewustheid van die impak van 150 jaar se geskiedenis en tradisies. Die leerders weet dat hulle onlosmaaklik deel is van die Larrie-ketting en die verantwoordelikheid wat dit inhou om hierop voort te bou.

Ons wat nog steeds bevoorreg is om elke dag in die gange rond te wandel, sê dankie aan elke oudleerling en oudonderwyser wat in gebede, met oproepe, briewe en e-posse ons in hul harte dra. Ons dank gaan ook aan die Oudleerlingbond wat hierdie verbintenis lewendig hou.

Daarom: Skud die vere reg, die Larries van 2011 sien u by die Oudleerlingfunksie op 24 September!

Vriendelike groete

ME AMANDA LOCHNER

SKOOLHOOF

Oud-leerlingnuus

Mej. Sheila Botha is op 11 Mei vanjaar oorlede. Sy het haar hele onderwysloopbaan van 39 jaar aan ons skool deurgebring en het aan die einde van 1986 afgetree. Sy het Fisiologie onderrig en verskeie oud-leerders wat besig was met hulle opleiding as verpleegsters, het getuig dat haar deeglike onderrig hulle 'n voorsprong bo hulle kollegas, wat betref die teoretiese sy van hulle opleiding, gegee het. As graad 12-klasonderwyseres het sy baie gedoen om die belangrikheid van netheid en stiptelikheid by die leerders tuis te bring. Ons eer haar nagedagtenis.

Louwtjie Barnard [Louw] is in die ouderdom van 87 oorlede. Sy was met Dr. Chris Barnard, die hartpionier, getroud en 'n seun, André, en 'n dogter, Deidré, is uit die huwelik gebore. Die paartjie het mekaar in die Groote Schuur-hospitaal ontmoet, waar sy 'n verpleegster was. Deidré vertel dat haar ma haar pa in sy navorsing en studies ondersteun het en goeie naaldwerkster wat sy was, het sy van die hartkleppe gemaak wat Dr. Barnard in sy operasies gebruik het.

Heleen Hugo [Van Wyk, 1961] is ook in die afgelope jaar oorlede. Sy het in Bloemfontein gewoon.

Ons innige simpatie aan die familie van Lorraene Krynauw [Higgo-Holm], wat op 62-jarige ouderdom oorlede is.

Nuus van en oor Oud-leerlinge / News from and about Old Girls

Sarah H. v.d. Berg

Dit is wonderlik om van oud-leerlinge te verneem wat ouer as negentig is en nog steeds elke dag voluit lewe. Sarah Helena van den Berg [Du Plessis] is in 1914 gebore en was in 1932 in Matriek. Sy woon in Reitz in die Vrystaat en spog daarmee dat sy nog haar eie tande het en gereeld die tandarts besoek!

Julia Alberts met kleindogters Mandy Jardim links & Natalie Marco

Haar suster, Julia Alberts, is 91 en was in 1938 in Matriek en het in 1941 die BA-graad verwerf. Sy woon op Stellenbosch en behalwe dat sy nog in haar eie tuin werk, is sy ook by die Botaniese Tuin behulpsaam – sy help om onkruid uit te trek! [Laat dit vir ons almal 'n voorbeeld wees!] Haar kleindogters, Mandy [Meintjies, 1990] en Natalie [1996], is albei ook oud-leerlinge.

Irene du Toit [Marnewick] het haar Matriekeksamen in 1936 geslaag en word tans in Huis Mimosa op De Doorns versorg. Haar suster, Marie Blomerus, was in 1940 in Matriek en woon in Lichtenburg. Sy en haar man het jare op Mafikeng onderwys gegee.

Elsa Joubert het vanjaar op 19 Oktober haar 89ste verjaarsdag gevier. 'n Heruitgawe van *Die Reise van Isobelle* het kort voor haar verjaarsdag verskyn. Sy ontvang ook steeds lof vir *Die Swerfjare van Poppie Nongena,* wat beskou word as een van die honderd beste romans uit Afrika wat gedurende die twintigste eeu verskyn het.

Erlanka de Kock [Du Preez, 1939] woon nog op hul plaas naby De Doorns. Sy het 'n seun wat in Gimnasium was en vyf dogters wat almal op La Rochelle was! Sy is baie trots op Marieta, Louise, Laurentia, Rhodeen en Miemie de Wit en die sestien agterkleinkinders. [Ja, julle het reg gelees!] Miemie het ook voor haar troue Geskiedenis by La Rochelle onderrig.

Liesbet Visser [Walters] het vanjaar haar tagtigste verjaarsdag gevier. Sy woon in haar woonstel in Kusweg in die Strand.

Uit Rijkswijk in Nederland het ons ‘n brief van Jopie de Wild [Oschmann] ontvang. Sy skryf dat sy en haar twee susters en ‘n niggie vanaf 1949-1950 op La Rochelle was. Sy is nou 73 jaar oud. Hulle het vir amper twee jaar in Daljosaphat gewoon en is later terug na Nederland. Sy skryf: “We hebben goede herinneringen aan de school.”

Stephanie Redelinghuys [Malan, 1945] wrote the biography of her daughter, Michelle, an accomplished artist, which gave insight into the nightmare of biopolar disorder to hundreds of sufferers and their supporters. Her youngest daughter, Henriëtte [Miki], who matriculated in 1987, had a very successful run during the recent *Encounters Film Festival* held in Cape Town, Durban and Johannesburg. Her company, *Plexus,* produced three films. Miki filmed *Wellbodi Biznes* in Sierra Leone, where one out of eight women die in childbirth and one in twelve children die in infancy.

Miemie Coetzee [Muller, 1956] het ‘n baie moeilike ses maande agter die rug. Sy was die grootste deel daarvan hier in die Paarl in die hospitaal se intensiewe sorgeenheid en het die een terugslag na die ander beleef. Haar positiewe gesindheid en veggees het haar deur hierdie moeilike tyd gedra en sy is weer op die been en sterk mooi aan. Haar eie familie en Toringkerk se geloofsfamilie se gebede is verhoor!

Anne Wium [Neser] het as hoofinspektrise van Musiek baie gedoen vir Musiekonderrig in ons skole. Sy het ‘n tyd gelede afgetree en woon in haar woonstel in Kusweg in die Strand.

Joleen du Plessis [Lubowski, 1968] het haar MPhil-graad in volwasse onderrig aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en beplan haar PhD in dieselfde rigting. Haar toerisme en taalskool, wat landwyd klasgee, vind baat daarby. Haar dogter, Nicola [2000] is een van 24 jongmense wat landswyd gekies is om ‘n jaarlange Jeugleiersprogram van die DA mee te maak. Sy is die voorsitter van die Noord-Gautengse jeugtak van die DA.

Lizette Murray [Vlotman, hoofdogter, 1970] se boek *Henri stap Aan* is onlangs in Engels vertaal en uitgegee as *Henri Walks Home.* Die vertaling is gedoen deur Carine Janse van Rensburg, oud-leerling en oud-personeellid. Carine, wat tans vryskutwerk doen, het uitstekend daarin geslaag om die gees en atmosfeer van Lizette se aangrypende boek oor die dood van een van haar seuns weer te gee.

Annette du Plessis [Geldenhuys, onderhoofdogter, 1970] was die wenner van *Die Burger* se buitemenskompetisie. Die wenfoto was van Annette se 94-jarige ma, mev. Martie Geldenhuys, wat ‘n olifant aan sy slurp lei, terwyl Annette bystaan. Die wenprys was ‘n skeepsreis vir twee op die *MSC Melody* van Kaapstad na Walvisbaai en terug.

Sulene Roelofse [Van der Merwe, 1972] en haar susters, Joan en Christine, se moeder is onlangs oorlede. Sulene se man het onlangs as NG-predikant van Hluhluwe afgetree. Hulle woon steeds op Hluhluwe, waar Sulene adjunk-hoof van die laerskool is.

Adelien van Schalkwyk [1974] woon in Nieu-Seeland en vertel dat met die eerste aardbewing sy nie in Christchurch was nie, maar die tweede keer was sy wel daar en het sy net haar rekenaar gegryp en gehardloop. So tussen die skuddings het sy haar klere in die puin gesoek. Sy werk nou by *New Zealand Veterinary Pathology* in Palmerston North en doen biochemiese analise op bloedmonsters van diere-oorsprong. Sy het voorheen by mediese laboratoriums gewerk, maar vind haar huidige werk minder stresvol. Sy skryf dat op die North Shore van Auckland daar soveel Suid-Afrikaners is, dat hulle al gevra het dat Afrikaans as skoolvak aangebied moet word! Adelien se broer is met Tristan [van Heerden, 1984], ook ‘n oud-leerling, getroud. Hulle het twee kinders albei reeds in hulle twintigs.

Christina Meintjes [Du Toit, 1979] en haar man is albei dokters in Swakopmund. Haar oudste dogter, Kim, was hoofmeisie van La Rochelle in 2009 en studeer tans ook medies op Stellenbosch.

Isabel Swart [Theron, 1984] het ‘n kookboek die lig laat sien. Sy skryf dat dit haar poging was om haar nesverlater-seun op sy eie te laat oorleef. *Smul en Spaar* is ‘n praktiese oorlewingsgids vir nesverlaters. Dit is ook in Engels beskikbaar as: *The Budget Cookbook: a practical survival guide for starter cooks.*

Isabel en haar man is die afgelope tien jaar voltyds in gebedsbediening en wil dit vir niks op aarde verruil nie.

Johanna Heydenrych [Longland], vorige skoolhoof, het in Mei haar sewentigste verjaarsdag gevier.

Anel Dippenaar [1992] is tans Senior Lektrise aan die Mediese Skool van die Universiteit van Stellenbosch. Sy is ook by verskeie navorsingsprojekte, onder andere pediatriese onkologie en ‘n uitreikprogram na Namibië, betrokke. Sy is getroud en hulle het twee dogtertjies.

Anne-Lett Geldenhuys [Viljoen, 1998] het ‘n paar jaar in Engeland onderwys gegee. Nou woon sy en haar man in Centurion en moet sy eers die klaskamer vir die babakamer verruil. Hulle het vanjaar ‘n dogtertjie ryker geword.

René Spies [2002[het die oorspronklike *Shore Line* oorgeskryf en dit word nou as ‘n 14-reeks program vir 12 tot 18-jariges as *Shore Thing* gebeeldsend. Dit is met groot entoesiasme ontvang en ons glo dat dit tot ‘n waardering van ons land se natuurerfenis sal bydra.

Maryke van der Walt [Thom, 2006] het ‘n prestige-toekenning van die *Helpmekaar*-organisasie ontvang vir die onderskeiding wat sy in haar na-graadse studie behaal het. Sy het haar Hons.BSc-graad cum laude geslaag.

Yolandi Schreuder [2007] (foto regs) wat ‘n diploma in industriële ontwerp aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie verwerf het, is uit ‘n groep van 22 wêreldwyd vir ‘n *World Design Impact-prys* benoem. Haar ontwerp, *Baja,* is ‘n skoolbank van slegs 3,8 kg., wat uit harde karton gemaak word, en waarby vier kinders kan sit. Dit is omgewingsvriendelik en word van hernieubare materiaal gemaak. Sy hoop om volgende jaar by die *Design Indaba* raakgesien te word.

Melissa Hewitt [2009] (photo left) was the SA Junior 100m champion for 2009 and 2010. She is now sponsored by *Vital Health* and is a true ambassador for their products. She has been offered a bursary for next year to study education – foundation phase – at the University of Potchefstroom. Next year is a major stepping stone, as she will be running as a senior for the first time. She is very positive and we wish her well facing this new challenge

Sigmonne Adams was crowned Miss la Rochelle in 2008 and was soon contacted by an agency, *Infinity Models.* She is a second year student in accounting at the University of Stellenbosch, but has to make time for shoots with different magazines [e.g. *Cosmopolitan]* and fashion and beauty editorials for brand names including *Edgars, Foschini, You and Ackermanns.* She is now branching out into commercials and will soon be seen in a new *Allan Gray* commercial. Her mother has convinced her to complete her studies, “because you can only model until you are 30, but you can be a Chartered Accountant till you are 60!”

Xandri Redelinghuys [2010], Junior Springbok [onderwater-hokkie], was deel van die 0/19-Span wat in Julie in Nederland aan die Wêreldkampioenskappe deelgeneem het. Die span het weer, soos verlede jaar , 'n silwer medalje verower.

Oud-leerlinge wat in die afgelope jaar kwalifikasies aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het:
Matriek 1975: L.O. Haasbroek NDVK [Primêre Gesondheid] [ITO];
Matriek 1989: C. Tofte B.Dram;
Matriek 1990: M.de Klerk B.Phil;
Matriek 2000: C.Vermeulen M.Phil in Gesondheidswet Ondw;
Matriek 2002: L.M.E. Muller B.Phil;
Matriek 2003: K.Ontong M.Ed;
Matriek 2004: A.L. Morris M.Comm. [NH];

Matriek 2005: S. Faure BSc.Agri-GWPS-Fokus I-WIN-ENT; L. Hart B.Mus.[Uitv/Komp/Mus Opv] 4jr; M. Jack NDBem; N.J. Kotze NOS; E.A. Louw BSc [Sportwet.]; C.R. McDonald Hons.B Rekeningkunde; R.K. Meyer Hons.B.Comm; N. Minnaar B.A. [Geesteswetenskap]; A. Pennazza B.A. in VK [Kr Juwel en Met]; E.M. Wolfe-Coote NOS;
Matriek 2006: A.J. Caddick B.Comm; S.A. Carolus B.Comm [Finansiële Rekeningkunde]; R. Crump B.Ed. [Algemene Onderwys]; N. Du Plessis B.Comm; L. Fouche NOS; A.L. Greeff B.Ed. [Algemene Onderwys]; L. Jansen van Vuuren B.in Maatskaplike Werk; A.F. Johnson Hons. B.Comm; K. Mcdermott B.Comm. [Ekonomiese Wetenskappe]; A. Minnaar Hons.B.Dram; N. Odendal B.Ed. [Algemene Onderwys]; A. Schenke B.Ing. [Elekt. & Elektron] [4jr]: S.Theron B. in Maatskaplike Werk; C.B. Theron Hons.B.A.; A. van der Spuy BSc. Bew. & Ekol; M.D. van der Walt Hons.BSc;

Matriek 2007: A Coetsee B.Comm [Finansiële Rekeningk]; S. Du Toit B.A. Sportwetenskap; L. Lawson B.Comm; M. Le Roux BSc. [Mens Lewe] [Biol met Sielk]; Y Marais B.A. [met musiek] [Musiekteg]; T. Nieuwoudt B.Comm [Bestuurswetenskappe]; M.D. Sequeira B.Comm [Bestuurswetenskappe]; H.M. Smit B.Comm [Bestuurswetenskappe]; C.E.Symes B.A. [Sosiale Dinamika]; P.L. van Breda B.A. [Sportwetenskap]; S. Veldsman B.Comm.; A.Viret BSc.{Chemie & Polimeerwetensk]

REUNIONS

The Class of 1970 meet at **Zomerlust** on 20 August 2011. They are going to enjoy morning tea and are expecting a past pupil from abroad.
Contact Lizette Murray at 021 975 772 or 083 327 6989. lizettemur@mweb.co.za

The Matrics of 1961 plan to meet on 26 August 2011 at **Fairview**. We wish them happy memories on this special occasion – 50 years after leaving La Rochelle!

The matrics of 1991 meet on 1 October 2011 at the **Rubina Visser Clubhouse** for a spit braai. [That is at the swimming-pool where you spent hot afternoons].
Contact Gwenodine du Plessis [De Wet] at 072 6091 346 or 021 981 0947 gwenodine@bplaw.co.za

The following reunions, and the person to contact, take place on **24 September 2011** and we hope that they are going to join us at the morning tea:

1971 Charlotte Taczalski [Van der Spuy] 028 2738 766 charlotta.taczalski@gmail.com

1981 Maria Bosch [Marais] 021 8560704 or 082 730 1414. andreboschsnr@gmail.com

2001 Melanie Sauermann 021 874 9022 or 079 550 4665 msauermann@rupertwines.com

Next Year 2012

1962 Gonny du Plessis [Van der Sluys] 082 783 0629 gonny@triomfstaal.co.za

1972 Alison Bouckaert 021 872 9127 luc@b.s.co.za

1982 Alma Horn 083 628 9105 almahorn@gmail.com

1992 Sandra Pepler [Reyneke] 082 424 4140 spepler@paarlboys.co.za

2002 René Spies 084 254 9461 rene@renespies.co.za